Plaaslike
Owerheidskennisgewing

Stad Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit

Plaaslike Owerheidskennisgewing 28 van 2011

Langtermynverhuring van die Gedeelte van die Restant van Erf 599, Newtown (ook bekend as Terrein 8, Central Place, Newtown)

Kennis geskied hiermee in terme van die bepalings van Afdeling 79(18) van die Plaaslike Regeringsordonnansie, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, van die voorneme van die Stad Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit om die gedeelte van die restant van Erf 599, Newtown (ook bekend as Terrein 8, Central Place, Newtown) op 'n langtermynbasis te verhuur.

Verdere besonderhede en 'n plan sal gedurende die ure 08:00 tot 16:00 (Maandag tot Vrydag) ter insae lê by die kantore van die City of Joburg Property Company (Edms) Bpk op die 9de Vloer, Braamfonteinsentrum, Jorissenstraat 23, Braamfontein, Johannesburg.

Enige persoon wat enige beswaar tot die langtermynverhuring van die terrein het, moet sodanige beswaar skriftelik indien by die Raad se gemagtigde verteenwoordiger, die Besturende Direkteur, City of Joburg Property Company (Edms) Bpk, teen nie later as 14 dae vanaf die datum van hierdie publikasie.

HM Botes

Besturende Direkteur

City of Joburg Property Company (Edms) Bpk, Posbus 31565, Braamfontein 2017

Human Communications 78694a